

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN  
NOVEMBER 2023

**REKENINGKUNDE: VRAESTEL I**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 2 uur

200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

---

**VRAAG 1 VERVAARDIGING**

Verwys na die inligting aangaande Tanatswa Bandevervaardigers.

- 1.1 Voltooi die volgende aantekeninge by die Produksiekostestaat soos dit op 30 September 2023 sou verskyn:

1.1.1 Direkte materiaalkoste.

|                                                                                                                    |                |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------|
| <b>Beginvoorraad</b>                                                                                               | 28 776         |
| Aankope ( $212\,000 + 95\,370 \rightarrow 289\,000 \times R0,33$ )                                                 | 307 370        |
| Vraggeld op aankope ( $21\,200 + 9\,537 \rightarrow R95\,370 \times 10\%$ )                                        | 30 737         |
| Invoerbelasting                                                                                                    | 9 537          |
|                                                                                                                    | 376 420        |
| <b>Eindvoorraad</b> ( $25\,179 - 10\,395 \rightarrow (R85,47 - R74,9) \times 990$<br>( $84\,615,30 - 74\,220,30$ ) | (14 784)       |
| <b>Grondstowwe aan die fabriek uitgereik</b>                                                                       | <b>361 636</b> |

1.1.2 Direkte arbeidskoste.

|                                                                   |         |
|-------------------------------------------------------------------|---------|
| Produksielone ( $423\,400 + 12\,600 \rightarrow 10\,206 / 81\%$ ) | 436 000 |
| WVF-bydrae ( $4\,234 + 126$ )                                     | 4 360   |
| Moet optel om 'n metodepunt te kry                                | 440 360 |

1.1.3 Koste van klaarprodukte verkoop/Klaarprodukte.

|                                                             |                  |
|-------------------------------------------------------------|------------------|
| <b>Beginvoorraad klaarprodukte</b>                          | <b>110 550</b>   |
| Koste van produksie van klaarprodukte (balanseersyfer)      | 999 944          |
|                                                             | 1 110 494        |
| Eindvoorraad klaarprodukte                                  | (10 494)         |
| <b>Koste van verkope</b> ( $1\,760\,000 \times 100/160\%$ ) | <b>1 100 000</b> |

1.2 Bereken die fabrieksbokoste.

|                                                                         |         |
|-------------------------------------------------------------------------|---------|
| Verbruiksgoedere ( $1\,749 + 25\,230 - 2\,514$ )                        | 24 465  |
| Salaris: Voorman                                                        | 184 900 |
| Water en elektrisiteit ( $(138\,840 - 3\,240) \times 75\%$ van 135 600) | 101 700 |
| Diverse fabrieksuitgawes                                                | 89 910  |
|                                                                         | 400 975 |

## 1.3 Voltooi die Produksiekostestaats vir die jaar geëindig 30 September 2023.

|                                                                     | Aant. | Bedrag    |
|---------------------------------------------------------------------|-------|-----------|
| <b>Direkte/Primêre koste</b>                                        |       | 801 996   |
| Direkte materiaalkoste                                              | 1.1.1 | 361 636   |
| Direkte arbeidskoste                                                | 1.1.2 | 440 360   |
| Fabrieksbokoste                                                     |       | 400 975   |
| <b>Totale vervaardigingskoste</b>                                   |       | 1 202 971 |
| Goedere-in-bewerking aan die begin van die jaar                     |       | 30 000    |
| Goedere-in-bewerking aan die einde van die jaar<br>(balanseersyfer) |       | (233 027) |
| <b>Koste van produksie van klaarprodukte</b>                        | 1.1.3 | 999 944   |

- 1.4 1.4.1 Bereken die getal eenhede wat Tanatswa Bandevervaardigers moet produseer en verkoop om gelyk te breek. (Neem aan dat alle fabrieksbokoste en administrasiekoste vaste koste is en dat ander koste veranderlik is.) Toon jou berekening en rond af tot die naaste eenheid.

|                                                                                                                                                                                    |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| $  \begin{aligned}  &400\,975 \text{ (Verwys na 1.2)} + 300\,130 \\  &1\,100 - 1\,020 \\  &701\,105 \\  &80 \\  &= 8\,763,81 \text{ eenhede} \\  &\approx 8\,764  \end{aligned}  $ |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

- 1.4.2 Gee 'n moontlike rede vir die verandering in die eenheidskoste van direkte materiaal en arbeid.

| Direkte materiaal                                                                                                 | Direkte arbeid                                                                               |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Die onderneming maak van goedkoper verskaffers gebruik.</li> </ul>         | <ul style="list-style-type: none"> <li>Goeie loonverhogings deur vakbonde beding.</li> </ul> |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Koop plaaslik om op vervoerkoste en invoerbelasting te besnoei.</li> </ul> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Meer oortyd gewerk.</li> </ul>                        |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Trek voordeel uit grootmaataankope om afslag te kry.</li> </ul>            |                                                                                              |

- 1.4.3 Hoeveel eenhede is gedurende die 2023 finansiële jaar verkoop?

|                                                 |
|-------------------------------------------------|
| $1\,760\,000 / 1\,100 = 1\,600 \text{ eenhede}$ |
|-------------------------------------------------|

**VRAAG 2 KONTANTVLOEISTATE**

Verwys na die inligting aangaande Siyabonga Bpk.

- 2.1 Voltooi die volgende aantekeninge by die Staat van Finansiële Posisie vir die jaar geëindig 31 Oktober 2023:

|                                                                        |                  |
|------------------------------------------------------------------------|------------------|
| 2.1.1 GEWONE AANDELEKAPITAAL                                           |                  |
| GEMAGTIG                                                               |                  |
| 1 000 000 gewone aandele                                               |                  |
| UITGEREIK                                                              |                  |
| 480 000 gewone aandele uitgereik aan die begin van die finansiële jaar | 600 000          |
| (65 000) aandele teruggekoop (gemiddelde prys R1,25 )                  | (81 250)         |
| 122 500 bykomende aandele gedurende die jaar uitgereik teen R6,50      | 796 250          |
| 537 500 gewone aandele uitgereik aan die einde van die finansiële jaar | <b>1 315 000</b> |

|                                                                                                |                  |
|------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------|
| 2.1.2 BEHOUE INKOMSTE                                                                          |                  |
| Behoue inkomste aan die begin van die jaar                                                     | 2 786 200        |
| Netto wins na belasting vir die jaar                                                           | 366 480          |
| 65 000 gewone aandele teruggekoop teen (6,50 – 1,25 <b>kontroleer berekening onder</b> ) R5,25 | (341 250)        |
| Dividende op gewone aandele                                                                    | (410 730)        |
| Tussentyds/betaal                                                                              | 25 630           |
| Finaal/aanbeveel                                                                               | 385 100          |
| Behoue inkomste aan die einde van die jaar                                                     | <b>2 400 700</b> |

|                                                                                                                                            |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Berekening: Terugkoop van aandele (gemiddelde prys)                                                                                        |
| $\frac{600\,000}{480\,000} = R1,25 \text{ gemiddelde prys}$ $R6,50 - R1,25 = R5,25 \text{ surplusbedrag (Behoue inkomste) / Bogemiddelde}$ |

2.2 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Oktober 2023. Toon ondersteunende berekeninge tussen hakies.

|                                                                      | Aant.      | Moenie bereken nie        |
|----------------------------------------------------------------------|------------|---------------------------|
| <b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>                           |            |                           |
| Kontant uit bedrywighede gegenereer                                  |            | 2 360 800                 |
| Rente betaal (Verwys na 2.3.1 vir metodepunt)                        |            | (1 078 800)               |
| Dividende betaal                                                     |            | (378 930)                 |
| Belasting betaal                                                     |            | (1 414 320)               |
| <b>Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>                        |            | <b>Moenie bereken nie</b> |
| Toename in belegging [106 000 – 69 700]                              |            | (36 300)                  |
| Opbrengs uit verkoop van 'n bate [350 000 – 247 900]                 |            | 102 100                   |
| Aankope van vaste/tasbare bates                                      |            | ** (206 000)              |
| <b>Berekening van vaste/tasbare bates gedurende die jaar gekoop:</b> |            |                           |
| Drawaarde aan die begin van die jaar                                 | 21 098 300 |                           |
| Byvoegings **                                                        | 206 000    |                           |
| Waardevermindering (115 500 + 99 000)                                | (214 500)  |                           |
| Verkoop teen drawaarde<br>[350 000 – 247 900]                        | (102 100)  |                           |
| Drawaarde aan die einde van die jaar                                 | 20 987 700 |                           |
| <b>Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite</b>                     |            | <b>Moenie bereken nie</b> |
| Opbrengs uit die uitreiking van aandele                              |            | 796 250                   |
| OF Terugkoop<br>van aandele [65 000 × 6,50] / (81 250 + 341 250)     |            | (422 500)                 |
| Bykomende lening verkry                                              |            | 64 000                    |
| Terugbetaling van verband [1 809 000 – 1 078 800]                    |            | (730 200)                 |

2.3 Voltooi die volgende aantekeninge by die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Oktober 2023:

2.3.1 Versoening tussen wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer.

|                                                                                                                                                                             |                           |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------|
| Netto wins voor belasting                                                                                                                                                   | 544 000                   |
| <b>Aansuiwerings ten opsigte van:</b>                                                                                                                                       | <b>Moenie bereken nie</b> |
| Waardevermindering (115 500 + 99 000)                                                                                                                                       | 214 500                   |
| Rente-uitgawe (rente op verband)                                                                                                                                            | ** 1 078 800              |
| <b>Berekening van rente op verband:</b>                                                                                                                                     |                           |
| Verband aan die begin van die jaar                                                                                                                                          | 14 322 700                |
| Rente gekapitaliseer **                                                                                                                                                     | 1 078 800                 |
| Terugbetaling van verband (150 750 × 12 maande)                                                                                                                             | (1 809 000)               |
| Bykomende verband verkry                                                                                                                                                    | 64 000                    |
| Verband aan die einde van die jaar                                                                                                                                          | 13 656 500                |
| <b>OF</b>                                                                                                                                                                   |                           |
| 1 4322 700 + 64 000 – 13 656 500 = 730 200                                                                                                                                  |                           |
| 1 809 000 – 730 200 = 1 078 800                                                                                                                                             |                           |
| Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal                                                                                                                            | 1 837 300                 |
| Veranderinge in bedryfskapitaal:                                                                                                                                            | 523 500                   |
| Toename in voorraad [8 277 300 – 7 193 300]                                                                                                                                 | (1 084 000)               |
| Afname in ontvangbare rekeninge (3 664 900 – 3 743 700)<br>[3 218 800 + 324 200 + 121 900] – [3 430 200 + 209 500 + 104 000] <b>OF</b><br>[3 743 700 – 4 207 600 + 542 700] | 78 800                    |
| Toename in bedrae betaalbaar (12 680 100 – 11 151 400)<br>[10 248 700 + 2 431 400] – [9 104 600 + 2 046 800]                                                                | 1 528 700                 |
| <b>Kontant uit bedrywighede gegenereer</b>                                                                                                                                  | <b>2 360 800</b>          |

2.3.2 Dividende betaal

|                                                      |                |                  |
|------------------------------------------------------|----------------|------------------|
| Bedrag verskuldig aan die einde van die vorige jaar  | 353 300        | (353 300)        |
| Verwys na 2.1.2                                      |                |                  |
| Dividende betaal en aanbeveel [25 630 + 385 100]     | 410 730        | (410 730)        |
| Bedrag verskuldig aan die einde van die huidige jaar | (385 100)      | 385 100          |
| <b>Bedrag betaal</b>                                 | <b>378 930</b> | <b>(378 930)</b> |

## 2.3.3 Belasting betaal

|                                                          |                  |                    |
|----------------------------------------------------------|------------------|--------------------|
| Bedrag verskuldig aan die einde van die vorige jaar      | 694 100          | (694 100)          |
| Staat van Omvattende Inkomste-bedrag [544 000 – 366 480] | 177 520          | (177 520)          |
| Bedrag verskuldig aan die einde van die huidige jaar     | 542 700          | (542 700)          |
| <b>Bedrag betaal</b>                                     | <b>1 414 320</b> | <b>(1 414 320)</b> |

## 2.3.4 Kontant en kontantekwivalente

|                               | 2023                          | 2022                          |
|-------------------------------|-------------------------------|-------------------------------|
| Kontant en kontantekwivalente | 6 765 900                     | 5 711 500                     |
| Bankoortrekking               | (9 907 100)                   | (7 908 800)                   |
|                               | <b>Moenie bereken<br/>nie</b> | <b>Moenie bereken<br/>nie</b> |

2.4 Jou ouditeursfirma, Njabulo and Associates, is onlangs as die ouditeure van Siyabonga Bpk aangestel. Jy is die eksterne auditbestuurder vir die finansiële jaar eindigende 31 Oktober 2023.

2.4.1 Verskaf TWEE auditprosedures wat jy sal uitvoer om die bestaan van voertuie in Siyabonga Bpk te verifieer.

|                                                                                                                     |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| • Verkry 'n lys van voertuie wat deur Siyabonga Bpk besit word uit die bateregister en kies lukraak.                |
| • Verifieer die voertuie wat uit die bateregister gekies is fisies.                                                 |
| • Bevestig vir die voertuie wat nie fisies geverifieer kon word nie hul bestaan deur lisensieskyfies te inspekteer. |
| • Inspekteer die versekeringskontrak vir die gekose voertuie.                                                       |
| • Skakel die derde party vir bevestiging.                                                                           |

**VRAAG 3 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**

Verwys na die inligting aangaande Chimamanda Bpk.  
Toon ondersteunende berekeninge tussen hakies.

- 3.1 Voltooi die uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 31 Oktober 2023. Maak seker dat jy enige bykomende inligting en aansuiwerings insluit. (46)

|                                                                                                                                                                                     | Aant. |             |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------|-------------|
| Verkope (6 020 558 – 20 558Trek 1 punt af vir vreemde inskrywing)                                                                                                                   |       | 6 000 000   |
| Koste van verkope Geen hakies geen punt                                                                                                                                             |       | (4 800 000) |
| <b>Bruto wins</b>                                                                                                                                                                   |       | 1 200 000   |
| <b>Ander bedryfsinkomste</b>                                                                                                                                                        |       | 875 600     |
| Handelsvoorraadsurplus (405 900 – 404 400) Verwys na 3.2.1<br>Leerders teken handelsvoorraadtekort op, ken metodepunt toe.                                                          |       | 1 500       |
| Oninbare skuld verhaal                                                                                                                                                              |       | 1 100       |
| Huurinkomste (714 000 + 69 000) Kontroleer die<br>berekeningsblok                                                                                                                   |       | 783 000     |
| Kommissie-inkomste                                                                                                                                                                  |       | 90 000      |
| <b>Bruto bedryfsinkomste</b>                                                                                                                                                        |       | 2 075 600   |
| <b>Bedryfsuitgawes</b>                                                                                                                                                              |       | (4 011 007) |
| Skryfbehoeftes (56 990 – 5 810 )                                                                                                                                                    |       | 51 180      |
| Oninbare skuld (6 535 + 49 200)                                                                                                                                                     |       | 55 735      |
| Voorsiening vir oninbare skuld-aansuiwering (2 942 – 2 520)<br>Verwys na 3.2.2 (As leerders dit as 'n vermindering opgeteken<br>het sal dit saam met ander inkomste opgeteken word) |       | 422         |
| Telefoon (203 620 + 2 300)                                                                                                                                                          |       | 205 920     |
| Direkteursgelde (1 200 000 + 120 000)                                                                                                                                               |       | 1 320 000   |
| Ouditgelde (653 500 + 80 000)                                                                                                                                                       |       | 733 500     |
| Waardevermindering * metodepunt is vir die totale<br>waardeverminderingssuitgawe                                                                                                    |       | 535 025     |
| Salarisse en lone                                                                                                                                                                   |       | 988 800     |
| Skenking                                                                                                                                                                            |       | 34 300      |
| Verlies vanweë ongeluk (500 000 – 212 000 – 280 000)<br>Verwys na berekeningsblok                                                                                                   |       | 8 000       |
| <b>Bedryfswins/(-verlies)</b>                                                                                                                                                       |       | (1 935 407) |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|----------|----|---------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|-------------------------------------------------|----|---------|
| <b>Berekening van huurinkomste:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| $714\,000 = 5T + 6T(1,15)$<br>$714\,000 = 11,9T$<br>$T = 60\,000$<br>$\therefore 60\,000 \times 1,15 = 69\,000 \rightarrow$ Inkomste ontvangbaar/opgeloop                                                                                                                                                                                                                                                            |    |          |    |         | Indien punte in die Staat van Omvattende Inkomste toegeken is, moet geen punte hier toegeken word nie. |    |                                                 |    |         |
| <b>Berekening van waardevermindering:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| <b>Waardevermindering op voertuie (8):</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| <b>Verkoop (ongeluk):</b><br>$1 \text{ Mei } 2021 - 31 \text{ Okt } 2021 \rightarrow 500\,000 \times 20\% \times 6/12 = 50\,000$<br>$1 \text{ Nov } 2021 - 31 \text{ Okt } 2022 \rightarrow (500\,000 - 50\,000) \times 20\% = 90\,000$<br>$1 \text{ Nov } 2022 - 31 \text{ Okt } 2023 \rightarrow (500\,000 - 140\,000) \times 20\% = \underline{72\,000}$<br><div style="text-align: right;"><u>212\,000</u></div> |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| <b>Oud:</b><br>$(3\,000\,000 - 500\,000) = 2\,500\,000 \rightarrow$ Kosprys<br>$612\,500 - 140\,000 = 472\,500 \rightarrow$ Opgehoopte waardevermindering<br>$(2\,500\,000 - 472\,500) \times 20\% = 405\,500$                                                                                                                                                                                                       |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| <b>Waardevermindering op toerusting:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| <b>Oud:</b><br>$(389\,000 - 9\,000) = 380\,000 \times 15\% = 57\,000$<br><br><b>Nuut:</b> $14\,000 \times 15\% \times 3/12 = 525$                                                                                                                                                                                                                                                                                    |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| <b>Totale waardevermindering:</b><br>$72\,000 + 405\,500 + 57\,000 + 525 = 535\,025$                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| <b>Berekening van wins/verlies op verkoop van bate (jy mag die Grootboekrekening gebruik om die berekeninge te toon):</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                            |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| 2023<br>Okt                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          | 31 | Voertuig | AJ | 500 000 | 2023<br>Okt                                                                                            | 31 | Opgehoopte<br>waardevermindering<br>op voertuig | AJ | 212 000 |
|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |    |          |    |         |                                                                                                        |    | Debiteurekontrole/<br>Opgeloepe inkomste        | AJ | 280 000 |
|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |    |          |    |         |                                                                                                        |    | Verlies                                         |    | 8 000   |
|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |    |          |    | 500 000 |                                                                                                        |    |                                                 |    | 500 000 |
|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |
| Indien die punte in die Staat van Omvattende Inkomste toegeken is, moet geen punte in hierdie berekening toegeken word nie.                                                                                                                                                                                                                                                                                          |    |          |    |         |                                                                                                        |    |                                                 |    |         |

3.2 Voltooi die volgende aantekeninge by die Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Oktober 2023:

3.2.1 Voorraad

|                                                                                                                                      |                           |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------|
| Handelsvoorraad ( $335\,200 + 81\,500 - 10\,800 - 1\,500 + 1\,500$ surplus)<br>Leerders teken voorraadtekort op, ken metodepunt toe. | 405 900                   |
| Verbruiksgoedere voorhande                                                                                                           | 5 810                     |
|                                                                                                                                      | <b>Moenie bereken nie</b> |

3.2.2 Handels- en ander ontvangbare rekeninge

|                                                                                                                                                                                 |                           |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------|
| Netto handelsdebiteure                                                                                                                                                          | <b>Moenie bereken nie</b> |
| Handelsdebiteure ( $122\,750 - 49\,200 \rightarrow 82\,000 \times 0,60$ )<br>OF $82\,000 + 32\,800$<br>Leerders kan 280 000 by handelsdebiteure bytel, ken 'n punt toe daarvoor | 73 550                    |
| Voorsiening vir oninbare skuld ( $2\,520 + 422$ )                                                                                                                               | (2 942)                   |
| Inkomste ontvangbaar/opgeloop ( $69\,000 + 280\,000$ )                                                                                                                          | 349 000                   |
| SAID: Inkomstebelasting                                                                                                                                                         | <b>Moenie bereken nie</b> |
|                                                                                                                                                                                 | <b>Moenie bereken nie</b> |

3.2.3 Handels- en ander bedrae betaalbaar

|                                                                  |                           |
|------------------------------------------------------------------|---------------------------|
| Handelskrediteure ( $1\,266\,700 + 81\,500 - 1\,500 + 14\,000$ ) | 1 360 700                 |
| Opgelope uitgawes ( $2\,300 + 120\,000 + 80\,000$ )              | 202 300                   |
|                                                                  | <b>Moenie bereken nie</b> |

**VRAAG 4 VOORRAAD**

Verwys na die inligting aangaande Makanza Handelaars.  
Toon ondersteunende berekeninge tussen hakies.

- 4.1 Bereken die vraggeldbedrag wat gehef word per item ingevoer en herlei dan die waarde tot SA rand.

$$\text{GH¢ } 84/60 = \text{GH¢ } 1,40 \times \text{R}1,50 = \text{R}2,10$$

**OF**

$$\text{GH¢ } 126/90 = \text{GH¢ } 1,40 \times \text{R}1,50 = \text{R}2,10$$

(3)

- 4.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad soos op 31 Oktober 2023 volgens die **EIEU**-metode.

|                                                                                                                                                                                                                                                                                           |                  |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------|
| <p>Oktober: <math>20 \times [(1\,790 + 1,40) \times \text{R}1,50] = 2\,506 \times \text{R}1,50 = 2\,687,10</math></p> <p><b>OF</b></p> <p><math>20 \times [(1\,790 \times 1,50) = 2\,685 + 2,10 = 2\,687,10]</math></p> <p><b>OF</b></p> <p><math>35\,828 \times 1,50</math></p>          | 53 742,00        |
| <p>Julie: <math>6 \times [(1\,620 + 1,40) \times \text{R}1,50]</math></p> <p><b>OF</b></p> <p><math>6 \times [(1\,620 \times 1,50) = 2\,430 + 2,10 = 2\,432,10]</math></p> <p><b>OF</b></p> <p><math>6 \times 1\,620 \times 1,50 = 14\,580 + 12,60 \rightarrow (6 \times 2,10)</math></p> | 14 592,60        |
|                                                                                                                                                                                                                                                                                           | <b>68 334,60</b> |

- 4.3 Bereken die Koste van Verkope van die opvoubare droograkke vir die finansiële jaar volgens die EIEU-metode. Die onderneming maak van die periodieke voorraadstelsel gebruik.

|                                                   |                                                 |
|---------------------------------------------------|-------------------------------------------------|
| Beginvoorraad                                     | 135 297,00                                      |
| Aankope ( $373\,420 \times R1,50$ )               | 560 130,00                                      |
| Vraggeld op aankope ( $308 \times R1,50$ )        | 462,00                                          |
| Terugsendings ( $10 \times 1\,522 \times R1,50$ ) | (22 830,00)                                     |
| Eindvoorraad (4.2)                                | <input checked="" type="checkbox"/> (68 334,60) |
| Koste van verkope                                 | <b>604 724,40</b>                               |

Kontroleer, sommige leerders kan  $R373\,728 \times 1,50 = 560\,592$  gebruik, wat die kombinasie van aankope en vraggeld op aankope is. 2 punte moet hiervoor toegeken word.

**Alternatiewelik, aangesien die punte nie vir die beskrywing toegeken word nie, kan sommige leerders die koste van verkope soos volg bereken:**

$$135\,297 + 560\,130 + 462 - 22\,830 - 68\,334,60 = 604\,724,40$$

- 4.4 4.4.1 Bereken die Brutowinswaarde van die opvoubare droograkke vir die huidige finansiële jaar.

|                         |                   |
|-------------------------|-------------------|
| Verkope                 | 818 789,00        |
| Koste van verkope (4.3) | (604 724,60)      |
| Bruto wins              | <b>214 064,60</b> |

(3)

- 4.4.2 Bereken die winsgrenspersentasie op die kosprys wat vir die 2023 finansiële jaar deur Makanza Handelaars behaal is.

$$\frac{214\,064,60}{604\,724,40} \times \frac{100}{1}$$

35,40%

OF

$$(818\,789/604\,724,60) \times 100 = 135,40\%$$

$$135,40 - 100 = 35,40\%$$

4.4.3 Makanza Handelaars het in 2022 met 'n totale waarde van R700 000 vir verkope 'n winsgrens van 40% behaal. Lewer kommentaar op die winsgrenspersentasie wat Makanza Handelaars in die 2023 finansiële jaar behaal het.

|                                                                                                                                                                                                                |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| • Die winsgrenspersentasie het van 40% tot 34,40% afgeneem <input checked="" type="checkbox"/>                                                                                                                 |
| • 'n Afname in die winsgrenspersentasie het Makanza Handelaars bevoordeel, aangesien verkope van R700 000 tot R818 789 toegeneem het, wat tot 'n toename in bruto wins van R200 000 tot R214 064,60 gelei het. |
| • Selfs al het verkope toegeneem, kon die Koste van Verkope ook toegeneem het, wat tot 'n laer bruto wins gelei het.                                                                                           |

4.5 Makanza Handelaars vermoed dat van die handelsvoorraad dalk gesteel is. Verskaf 'n berekening om die bewering óf te bevestig óf te betwis.

|                                                                              |
|------------------------------------------------------------------------------|
| Verwagte voorraad voorhande = $45 + 220 - 10 - 227 = 28$                     |
| Werklike voorraad voorhande = 26                                             |
| Voorraad wat vermis word = $28 - 26 = 2$ <input checked="" type="checkbox"/> |

4.6 Beveel **TWEE** interne beheermaatreëls aan wat Makanza Handelaars moet instel om die moontlikheid van diefstal van handelsvoorraad in die onderneming te minimaliseer. Beheermaatreëls moenie geslotekringtelevisie- (CCTV-) kameras insluit nie, aangesien die onderneming reeds kameras geïnstalleer het.

|                                                                                                                                                                                                |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| • Aanstelling van sekuriteitspersoneel om die kasregisterstrokie na te gaan en te vergelyk met die werklike goedere wat die klant dra.                                                         |
| • Installering van 'n magnetiese verklikker by die uitgang om die voorraad te bespeur wat nie betaal is nie maar in die hand van die klant was.                                                |
| • Voer gereeld voorraad telling uit.                                                                                                                                                           |
| • Verdeling van pligte – 'n persoon wat verantwoordelik is vir die versending van die voorraad van die stoorkamer na die rakke moenie dieselfde persoon wees wat 'n voorraad telling doen nie. |

**Totaal: 200 punte**